



Ds. Johan en Rita Bloemhof

Daaglikse Gebedsversoeke

Julie - Augustus - September 2021



Liewe vriende in Christus, "Om te glo, is om **seker te wees** van die dinge wat ons hoop, om **oortuig te wees** van die dinge wat ons nie sien nie". Hebr. 11.1

Dié vaste sekerheid en oortuiging is belangrik om in ons gewone lewe en tydens teenslae staande te kan bly. In God se akker in die Sendingveld is dit van die grootste belang om in die geloof ons oë te rig op ons soewereine, almagtige en alwetende God. Hyself lê vaste fundamente en is die ontwerper en bouer van sy koninkryk van verlossing. Hy is die perfekte argitek en volvoerder van sy bouwerk. Hyself voleindig die werk wat hy in lewens begin. Ons kan net Jesus bly navolg in vaste geloof.

Baie dankie dat jy deel is van God se bouwerk in Frankryk.

Johan en Rita

Julie 2021

"Laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel." Mat 6.10

1-2 Johan en Rita is 43 jaar getroud (1 Julie). Dank die Here vir sy genade en vir die lewe wat Hy vir ons skenk. Bid dat ons huwelik en liefde vir mekaar steeds sterker sal groei.

3-4 Dank die Here vir die groot belangstelling en seëninge in die reeks Paasfeesklubs waarvoor ons laas keer spesifiek gebid het.

5-6 Dank God vir duisende kinders wat tydens die **afgelope maande op ons Evangelisasie webblad www.cliquelavie.com** gekom het. Bid dat al hoe meer dit sal ontdek.

7-8 Jongmense by die Bloemhofs. **Marc** is al baie jare onder ons dak. Hy is ongelowig maar nie heeltemal onverskillig nie. **Maty**, 'n Moslem hou die afstand teenoor die ware God van die Bybel. Bid asb vir hulle bekering. Bid vir een of twee nuwe gelowige of ontvanklike studente.

9-10 Bid vir die **ontwikkeling van die Franse en Europese webblaie.**

11-12 Loof die Here dat **Sabine** se oë verbeter het. Bid dat die klein laser-operasie suksesvol sal wees. Vertrou die Here vir **Liliane**, wat vir borskanker behandel word, se genesing.

13-14 KORSIKA September UITREIK. Ons vertrou God vir Franse en Suid-Afrikaners om die Goeie Nuus verder te kom versprei.

15-16 Loof God vir die Franssprekende gemeentes wat **53 300 Evangelisasiepakke** aangevra het om hierdie jaar te versprei.

17-18 Dank die Here vir gebedsverhooring van **Nina se dogter** wat geboelie was en in haarself ingekeer het – dit gaan baie beter. Dank die Here vir 'n **klub van 17 tieners** wat goed afgeloop het.

19-20 Internetbediening. Die Europese somervakansie (Julie en Augustus) is 'n geskikte tyd om op dié wyse meer kinders met die Goeie nuus te bereik en hulle te begelei op

die geloofspad. Bid dat baie kinders sal inskakel.

21-22 Rita Bloemhof. Loof die Here vir goeie gesondheid en beskerming teen die Coronavirus. Bid asb. die Here my elke dag nuwe krag en moed sal gee vir die werk in die huis en vir die bediening.

23-24 Johan Bloemhof. Dank God vir wonderlike geleenthede om die Goeie Nuus uit te dra. Bid vir beskerming en gesondheid.

25-26 Internet-Evangelisasie. Bid vir die **web-administreerder Fabrice.** Bid dat die Here begaafde en gekwalifiseerde mense roep om die Europese webblad te ontwikkel.

27-28 Bid dat die Here 'n jongspan leiers opwek in die jaar wat voorlê aan wie ons die leisels van dié bediening kan toevertrou.

29-31 Dank die Here vir elke ondersteuner en gemeente wat deel in die Franse Sending. Bid dat die Here hulle seën. Loof en vertrou God om steeds in al die behoeftes te voorsien.

Augustus 2021

"Is iets te buitengewoon vir die Here ?" Gen. 18.14

1-2 Bybelvakansieklubs. Bid dat baie kinders daardeur gered word en groei in hulle geloof.

3-4 Dank die Here vir **nuwe inisiatiewe en entoesiasme** om die Evangelie te verkondig na die die jaar van inperking weens die COVID. **Tuinklubs by huise en kerke, kulturele klubs by Katolieke skole ...** Soms nie maklik nie weens bespotting.

5-6 Kampe. Bid dat die Heilige Gees kinders wat na die kampe kom se harte sal oopmaak vir die Evangelie.

7-8 VERITAS-opleiding. Bid vir nuwe fasiliteerders en deelnemers.

9-10 Marcel en Elise Bloemhof. Dank die Here vir hulle bedienings in hulle gemeente. Bid dat hulle elke dag moed en krag het om hulle drie kinders, Lana, Ruben en Mathias

in God se weë groot te maak.

11-12 Ons plaaslike Franse gemeente. Dank die Here vir geloof, liefde en eenheid onder die gelowiges. Bid dat die gemeente sal groei in haar sendingvisie.

13-14 Daar is ongeveer 4 miljoen kinders in Parys en omgewing (Ile-de-France). Vertrou God vir meer werkers in die streek.

15-16 ZOOM Goeie Nuus en Bybelvakansie-klubs. Dank die Here vir die moderne mediums om die Goeie Nuus steeds verder te kan versprei.

17-18 Ons 9 kleinkinders. Bid dat God deur sy groot genade hulle almal sal red en dat hulle Hom met hulle hele hart en lewe sal dien.

19-20 Bid vir herlewing onder die 50 miljoen Franssprekende kinders in die wêreld d.m.v. Internet-Evangelisasie.

21-22 Ons seun Timothée en Julie. Bid dat hulle hulle kinders, Eliott en Simon in God se weë sal opvoed. **Bid asb. steeds vir Simon se niere se genesing.**

23-24 Loof die Here vir elke medewerker in die Franse sending.

25-26 Vertaling VERITAS-kursusse. Dank die Here vir goeie vertalers en proeflesers. Bid dat Module 1 en 2 goed afgehandel word.

27-28 Geloofsending. Loof die Here vir gelowiges se oop harte, vir mense en gemeentes wat maandeliks of periodiek bydra vir die Franse Sending. Bid dat die Here elkeen ryklik sal seën.

29-30 Rita se verjaarsdag(31e) Bid vir gesondheid, krag en moed vir elke dag. Bid dat die Here haar sal seën in die jaar wat voorlê.

31 Ontdek God elke dag (DD365) Loof die Here vir die roeping van 11 mense wat klankopnames maak vir ons webblad wat genoeg

sal wees vir vyf jaar se somermaande.

September 2021

“Die Here die Almagtige het dit besluit, wie sal dit kan vrydel?” Jes. 14.27

1-2 RENNES Bretagne : Nuwe Ouer-en-kindere uitreik. Bid dat buitekerklike gesinne op dié wyse die Evangelie hoor en dat 'n gereelde Goeie Nuusklub so sal ontstaan.

3-4 VERITAS Module 2. Bid dat genoeg deelnemers inskryf en goed toegerus word om die Bybel reg te verstaan.

5-6 Ons seun, Jean, en Holly. Bid vir seën op die prediking in hulle gemeente en vir Holly se CEF-bediening. Bid dat God hulle help om vir Anna en Sophie in sy weë op te voed.

7-8 Goeie Nuusklubs hervat die maand. Dank die Here vir 'n nuwe ywer en vir elke getroue werker. Bid vir meer klubs.

9-10 KORSIKA UITREIK 9 tot 21 September. Bid vir ontvanklike harte, vir bekerings en inskakeling in Bybelleesgroepe. **Korsika-eiland 322 000 mense**(0,1% Evangeliese Christene). Die Christenleiers het op hulle harte dat elkeen op die eiland behoort te weet Wie Jesus is. Dank die Here dat die meeste mense alreeds oor die afgelope jare bereik is. Bid asb. steeds vir kerkplanting in **BASTIA, CORTE** (Universiteitstad) en **PONTE NUOVO.**

11-12 Bid vir ons bure dat hulle harte deur die werking van die Heilige Gees geopen word.

13-14 Nasionale kantoor CEF Frankryk. Bid vir bemoediging van die werkers.

15-16 PAYS DE LA LOIRE. Bid dat die Here Kevin en Noëlene se skryfwerk gebruik vir die uitbreiding van sy Koninkryk.

17-18 Oos-Europese Moslemlande. Bid vir meer geleenthede om dié kinders te bereik deur die Internetbediening.

19-20 CVO (Christian Vision Organisation) 'n Paar lidmate van ons gemeente in Frankryk

beraad elke dag volwassenes wat na God soek. Dank die Here vir soveel wat honger na die Evangelie. Bid vir redding van baie.

21-22 Dank die Here vir Willy, 'n nuwe berader vir die internet-bediening. Bid dat die Here nog werkers vir sy oes stuur.

23-24 Bid vir werkers in die onbereikte streke.

25-26 Bid dat al die geestelike seëninge weens die Coronavirus-inperking sal voortduur – dat mense steeds tyd sal neem vir stil word voor God, vir genesing van siekes en die herstel van die ekonomie.

27-28 Hélène-Laure en Timothée se seuntjie **Théo** is 5 jaar oud en Séléna feitlik al 1 jaar. Dank die Here vir Théo se geloof en vir die goeie ontwikkeling van Séléna. 'n Lewendige opgewonde mense – net genade.

29-30 Geloofsending Loof die Here vir gemeentes en individuele gelowiges wat deel uitmaak van God se genadewerk met hulle gebede en bydraes.

Indien u die nuusbrief en gebedsversoeke per gewone pos ontvang **en wel 'n e-pos besit:** Oorweeg asb. om dit eerder per e-pos te ontvang weens die hoë kostes en die swak posstelsel. Stuur u e-pos en posadres na bloemhof@free.fr sodat ons dit kan

Nuusbrief en adresveranderings: Franse Sending, NGK Nigel-Oos, Posbus 619, Nigel, 1490

Bydraes /Tjeks: “Child Evangelism Fellowship” Spesifiseer asb. vir “**ds J. F. Bloemhof Nr 30**”; Posbus 3139; Somerset-Wes 7129; RSA (Navrae Dr Ernest van Zyl Tel 0817367679)

Bank inbetalings of Debietorders: FNB (First Nasionale Bank)

Rekening naam: Child Evangelism Fellowship;
Takkode: 200912

Rekening nr : 53 800 042 847

Verwysing : Vir ds J. F. Bloemhof nr 30
Tel 0817367679 of per e-pos
cefsafinance@gmail.com